

**Donderdag 27 April**

**Skrifgedeelte: Johannes 14:15-17**

**Fokusgedeelte: Johannes 14:17**

**Die Heilige Gees is Gees van die waarheid**

Jesus is besig met sy afskeidsgesprekke aan sy dissipels, sy kerk, en laaste gesprekke is altyd baie belangrike gesprekke. Hý gaan – en wat word dan van sy kerk? Wat word van al sy werk, sy preke, sy daede, sy wonders, ja, sy totale verlossingswerk?

Hy belowe aan sy kerk: Ek stuur vir julle 'n ander Helper en Voorspraak, die Heilige Gees, hier genoem die Gees van die waarheid.

Ons weet almal ons leef in twee wêrelde: die wêreld van die waarheid en die wêreld van die leuen. Die vader van die leuen is die owerste van die bose wêreld. Daar is egter ook 'n goeie wêreld, die wêreld van die waarheid, waarvan Jesus Christus die Hoof is en waar die Gees van God intree die moment as Jesus na die Vader opgevaar het.

Die Gees van die waarheid lei die kerk van Christus op die pad van die waarheid (16:13), dit wil sê op die pad van die Woord (17:17). Die Gees fokus nie op Homself nie, maar op Jesus Christus en op sy volle heilswerk (16:12-14). Pinksterfees wys op die gebeure by Paasfees!

Die bose wêreld kan nie die Gees van die waarheid ontvang nie, want hulle sien Hom nie en ken Hom nie. Die kerk van Christus ken Hom egter, want die Gees bly bý hulle, ja, ín hulle.

Wat 'n verrykende en vertroostende gedagte: die kerk, ook die kerk in Suid-Afrika, is op weg met die Gees bý elkeen, ja, ín elkeen. Ook by en in jou.

Onthou dit elke dag!

*Sing: Psalm 51:5 (1936)*

*Prof. JH (Amie) van Wyk (Emeritus)*